# Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| | DATUM 2017/04/24 | DATUM 2017/04/21 | | | + - WEEK GELEDE 2017/04/18 | | + - MAAND GELEDE 2017/03/27 | | + - JAAR GELEDE 2016/04/25 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| Brent ($/b) | 52.23 | -0.82 | -1.5% | 53.05 | -5.7% | 55.41 | 1.6% | 51.43 | 16.7% | 44.76 |
| US$: ? ZAR | 13.02 | -0.150 | -1.1% | 13.17 | -5.8% | 13.82 | 5.0% | 12.40 | -10.0% | 14.46 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1,829.88 | -57 | -3.0% | R 1,887.25 | * CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Mei +-12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1,937.53 | -105 | -5.1% | R 2,042.12 | *CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Mei +-12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4,549.61 | -91 | -2.0% | R 4,640.74 | *CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Mei +-12:00 die vorige dag | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | |
| Corn May '17 | 357.00 | -7.00 | -1.9% | 364.00 | -1% | 359.00 | 0% | 356.00 | -11% | 401.75 |
| Wheat May '17 | 405.00 | -17.00 | -4.0% | 422.00 | -4% | 424.00 | -4% | 424.00 | -23% | 527.75 |
| Soybean May '17 | 951.00 | -8.00 | -0.8% | 959.00 | 1% | 942.00 | -2% | 975.00 | -4% | 993.75 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul '17 | 3020 | 0 | 0.0% | 3020 | 0.0% | 3020 | -1.1% | 3055 | -17% | 3650 |
| WMAZ SPOT | 1852 | -29 | -1.5% | 1881 | -11.2% | 2086 | 5.8% | 1750 | -58.5% | 4464 |
| YMAZ SPOT | 1950 | -30 | -1.5% | 1980 | -9.7% | 2160 | 3.9% | 1876 | -37.9% | 3140 |
| SOY 50 SPOT | 4705 | -71 | -1.5% | 4776 | -4.8% | 4940 | -1.8% | 4791 | -23.1% | 6116 |
| SUN SPOT | 4414 | -25 | -0.6% | 4439 | -2% | 4494 | 4% | 4230 | -31% | 6355 |
| WHEAT SPOT | 4435 | 46 | 1.0% | 4389 | 1% | 4380 | 11% | 3995 | -4% | 4620 |
| OLIESADE | 2017/04/21 | Bron: Oilworld | | | 2017/04/14 | | Feb 2016 | | Maart 2015 | |
| Soya-oil, Arg. | 710 | | | | 3% | 692 | -8% | 769 | 5% | 676 |
| Soya-pell, Arg. | 315 | | | | -1% | 317 | -7% | 339 | -14% | 368 |
| Soybean, Brazil | 392 | | | | 1% | 387 | -4% | 410 | -4% | 410 |
| USA Runner 40/50 | 1650 | | | | 0% | 1650 | 3% | 1600 | 27% | 1300 |
| Sun-oil, Arg. | 720 | | | | -1% | 725 | -5% | 755 | -10% | 800 |
| Sun-oil, Black Sea | 720 | | | | 0% | 720 | -4% | 750 | -4% | 750 |
| Sunseed,Black Sea | 375 | | | | -3% | 385 | -6% | 400 | -8% | 409 |
| Rapeseed, EU cif | 430 | | | | -1% | 436 | 1% | 425 | 8% | 399 |
| Palmk oil Mal, EU | 1000 | | | | -6% | 1065 | -32% | 1470 | -4% | 1037 |

**JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Markoorsig:** Die rand gaan voort om vanoggend winste uit te brei, en verhandel 1,5% sterker as Vrydag-middag. Die rand is sterker as gevolg van onlangse ekonomiese data, met die inflasiekoers wat laer geneig het en ook te midde van die Minister van Finansies se "Road Show" om beleggersvertroue te bevorder. Tans verhandel die rand teen ongeveer R13,02 teenoor die dollar. Op die internasionale front is die Euro teen 'n 5 maande hoogtepunt teenoor die dollar, na die presidensiële verkiesings, met kompetisie tussen Emmanuel Macron en Marine Le Pen. Brent-ru-olie toon verliese en dui sy grootste verlies aan sedert Maart. Dit is as gevolg van stygende Amerikaanse ru-olie produksie, wat die OPEC se pogings om produksie te beperk, ondermyn en druk op Brent ruoliepryse plaas. Tans verhandel Brent-ru-olie teen ongeveer $52,24 per vat.

**Sojabone:** Die internasionale sojaboonmark het skerp onder druk gekom die laaste ruk en verhandel steeds teen hierdie vlakke hoofsaaklik as gevolg van die groot voorraadvlakke in die internasionale konteks. Suid Amerika het ʼn groot sojaboon oes hierdie seisoen en in die VSA is die verwagtinge goed van groot aanplantings vir die komende seisoen. Die lente aanplantings in die Midde weste van die VSA se tempo het effens toegeneem en het voordeel getrek uit die effense droeër weersomstandighede wat die produsente in staat gestel het om aan te gaan met die aanplantings. Daar is egter sommige verslae wat meer reën vir die meer noordelike gebiede van die mielie en sojaboonproduserende belt toon. Dit kan weer die aanplantings daar effens vertraag. Die langertermyn voorspelling en een maand voorspelling toon gunstige weer vir aanplantings om plaas te vind gedurende Mei. Die pers van sojabone in die VSA was laer as die handelsverwagtinge in Maart en het 2% jaar op jaar gedaal vanaf ʼn jaar gelede ten spyte van persmarge wat tans gunstig is. Die plaaslike verbruik van sojaboon olie in die VSA is ook minder as dié van verlede jaar wat in Maart verbruik was. Tenspyte van die seisoenale afname in uitvoere vanaf die VSA gedurende hierdie tyd van die jaar het die VSA uitvoere steeds effens ondersteuning gevind hoofsaaklik as gevolg van die beperkte produsente verkope in Brasilië. Brasilië het ʼn rekord produksie hierdie jaar en het ʼn groot uitvoerbestemming geraak vandat hulle begin stroop het. Die tempo van hierdie uitvoere het egter effens afgeneem met die beperkte produsente verkope en die verwagtinge is dat die verder kan afneem gedurende April. Die uitvoere gerapporteer vir die eerste 16 dae van April is 5.3 miljoen ton teenoor die 5.7 miljoen ton van verlede jaar dieselfde tydperk. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder gekom en het laer verhandel om die week laer af te sluit Vrydag as waarteen dit Maandag geopen het. Die mark het ook weer skerp onder druk gekom met die wisselkoers wat weer goed versterk het verlede week. Die plaaslike pryse verhandel ook sterk onder die afgeleide pryse en die plaaslike persmarge is steeds goed positief.

**Sonneblom Saad:** Die sonneblomsaad olieproduksie en uitvoere in Rusland het seisoenaal herstel in Maart en het hoofsaaklik voordeel getrek uit die rekord sonneblomsaad produksie wat gestroop was in Rusland asook die sterk wêreld invoer raag na sonneblom lie. In die Europese Unie kan die gebrek aan grondvog ʼn negatiewe impak op die produksies daar hê. In lande soos Spanje waar daar baie droë en warm toestande voorgekom het ,is reën dringend nodig om produksieverliese op verskeie gewasse ,waaronder sonneblom saad, te voorkom. Die besluit deur die Turkse regering om Rusland te verwyder vanaf die lys van goedgekeerde belastingvrye sonneblomolie invoeroorsprong kan ʼn beperkende faktor wees in terme van invoer raag vanuit Rusland. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het ook verlede week hoofsaaklik laer verhandel en het die week Vrydag laer afgesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike sonneblomsaadpryse verhandel ook steeds heelwat laer as die afgeleide prys en is ook al vir ʼn geruime tyd laer as die uitvoerpariteitsprys.

**Canola:** Die Kanadese canola voorrade het skerp gedaal as gevolg van ongewone hoë verwerkings en uitvoere van Kanadese canola. Die kumulatiewe canola persings sedert vroeg Augustus het met ongeveer 800 000 ton toegeneem en die kumulatiewe uitvoere het met ongeveer 700 000 ton toegeneem. Dit bring die totale verwerkings en uitvoere vir die seisoen tot dusver tot op ʼn alle tye hoogtepunt van 14.2 miljoen ton teenoor die vorige hoogtepunt van 12.7 miljoen ton. Die Australiese canola uitvoere neem noemenswaardig toe en word verwag om tot 2.2 miljoen ton toe te neem tussen Januarie en Mei 2017 in vergelyking met die 1.03 miljoen ton dieselfde tydperk verlede jaar. Die Australiese produksie vir die 2017/18 seisoen word op ʼn rekord van ongeveer 4.3 miljoen ton geskat teenoor die 2.94 miljoen ton van verlede jaar. **Plaaslik:** Die eerste intensies om te plant van wintergewasse word more deur die Nasionale Oesskattingskomitee bekend gemaak vir die seisoen.

**Grondbone:** Die Argentynse grondboon produksievooruitsigte vir die seisoen lyk tans gunstig en die verwagtinge is dat die Argentynse produksie vir die eerste keer meer as die 1 miljoen ton gaan wees. Dit sal die Argentynse uitvoer oorrade tot ʼn nuwe hoogtepunt van 730 000 ton neem vir die seisoen. Die stroop van vroeë grondbone in Argentinië het alreeds begin en ongeveer 11% in Cordoba, waar die meeste grondbone verbou word, is alreeds gestroop. Goeie opbrengste word gerapporteer tot dusver en verslae toon dat die produksiekondisies van grondbone in Argentinië baie gunstig is. Die verwagtinge is dat die Argentynse uitvoere die volgende paar maande moontlik skerp kan toeneem met die goeie pryse wat die produsente verkope en uitvoere sal stimuleer. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboonproduksies vir die seisoen lyk goed en die opbrengste in die areas waar daar reeds gestroop word lyk gunstig.

**Vir enige navrae,** kontak asb: Luan van der Walt, E-pos**: luan@grainsa.co.za**

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*